NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

# AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL 1

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

---

**Hierdie nasienriglyne is voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore, wat 'n standaardiseringsvergadering moet bywoon ten einde te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word gedurende die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal nie in enige gesprek treë of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat daar verskillende menings oor sekere sake van beklemtoning of detail in die riglyne mag voorkom. Daar word ook toegegee dat indien die standaardiseringsvergadering nie bygewoon word nie, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.**

---

IEB Copyright © 2022

Punte moet toegeken word in lyn met:
- die spesifieke inhoud van die punteskema of die generiese vlakbeskrywings wat van toepassing is op die vraag;
- die spesifieke vaardighede wat in die punteskema of generiese vlakbeskrywings van die vraag gedefinieer is; en
- die standaard van die antwoord wat verwag word van 'n kandidaat soos wat die voorbeelde van die gestandaardiseerde vraestelle voorstel.

Bepunting moet **POSITIEF** gedoen word.
- Punte word toegeken vir korrekte/ geldige antwoorde.
- Krediet word toegestaan vir antwoorde wat geldig is en wat wyer strek as die raamwerk van die sillabus (verwys eersgenoemde na die Senior Sub-eksaminator of Eksaminator soos nodig).
- Punte word toegeken wanneer die kandidate duidelik bewys toon van hulle kennis en waartoe hulle in staat is.
- Punte word nie afgetrek vir foute nie.
- Punte word nie afgetrek vir weglatings nie.
- Die spelling, interpunksie en grammatika word alleenlik in die antwoorde gemerk wanneer dit spesifiek geassesseer word volgens die punteskema. Die betekenis moet nog steeds ondubbelsinnig wees.

Reëls moet konsekwent toegepas word, bv. gevalle waar kandidate nie instruksies gevolg het nie of in die toepassing van die generiese vlakbeskrywers.

Die volle spektrum van punte, soos gedefinieer in die Nasienriglyne vir die vraag, moet gebruik word (alhoewel die volle spektrum van punte beperk mag word deur die kwaliteit van die antwoorde van die kandidate).

Punte word alleenlik toegeken soos wat dit uiteengesit word in die Nasienriglyne.
Punte mag nie toegeken word met inagneming van die drempels vir die graad of graadbeskrywers nie.

Wanneer 'n hoërordevraag gemerk word, moet die koderingstelsel vir opstelle asseblief gebruik word. Sodoende is die modereringsproses meer konsekwent, regverdig en makliker.

**Kodes wat gebruik word wanneer opstelle in Aardrykskunde gemerk word:**
**U –** Uitstekend
**G –** Goed
**A –** Aanvaarbaar
**V –** Vaag
**H –** Herhalend
**O –** Nie van toepassing/ nie relevant

IEB Copyright © 2022

| VRAAG 1 | Geïntegreerde VRAAG: DIE GEOGRAFIE VAN DIE KING CETSHWAYO-DISTRIK | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1.1** | **Konsepte wat verband hou met klimaat** | | | |
| Voltooi die volgende vrae deur die korrekte antwoord te kies. Skryf die nommer van die vraag en die letter wat ooreenstem met jou antwoord neer, bv. 1.1.0 A. | | | | |
| 1.1.1 | Die krag wat deur die gewig van die atmosfeer op enige oppervlakte uitgeoefen word.<br><br>A Lugdruk<br>B Anabatiese vloei<br>C Sikloon<br>D Rug | **A** | Lugdruk | 1 |
| 1.1.2 | Bergwinde waai meestal in die winter as gevolg van …<br><br>A die posisie van die ITKS.<br>B die laagdruktrog.<br>C die antisikloon oor die binneland.<br>D tropiese siklone oor die Indiese Oseaan. | **C** | Die antisikloon oor die binneland. | 1 |
| 1.1.3 | 'n Laagdrukstelsel wat onafhanklik van die planetêre sirkulasiestelsel draai.<br><br>A Afsnylaagdrukstelsel<br>B Hittelaagdruksel<br>C Laagdruktrog<br>D Kuslaagdrukstelsel | **A** | Afsnylaagdrukstelsel | 1 |
| 1.1.4 | Die sterk, droë suid-oostelike wind wat gewoonlik aanhoudend aan die Suid-Afrikaanse kus van lente tot laatsomer waai.<br><br>A Lyndonderstorms<br>B Stedelike hitte-eiland<br>C Kaapse Dokter<br>D Verstedelikings | **C** | Kaapse Dokter | 1 |
| 1.1.5 | Lyn in Suid-Afrika wat streke aandui wat óf minder óf meer as die gemiddelde reënval ontvang. | **A** | 500 mm-isohieet | 1 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | A 500 mm-isohieet<br>B 1013 hPa-isobaar<br>C isopleet van winde van 120 knope<br>D 25 °C-isoterm | | | |
| 1.1.6 | Die Wes-Kaap het 'n … klimaat as gevolg van die warm somers en nat winters.<br><br>A kontinentale<br>B Mediterreense<br>C maritieme<br>D tropiese | **B** | Mediterreense | 1 |
| **1.2** | **Middelbreedtesiklone** | | | |
| Bestudeer Figuur 1, 'n sinoptiese beeld van 'n front wat verby die kus van KZN beweeg. | | | | |
| 1.2.1 | Benoem antisikloon A. | Suid-Atlantiese antisikloon | | 1 |
| 1.2.2 | Benoem front B. | Koue front | | 1 |
| 1.2.3 | Watter tipe wolke sal by front **B** gesien kan word? | Cumulonimbus | | 1 |
| 1.2.4 | Benoem die lyn by **C**. | Isobaar | | 1 |
| 1.2.5 | Bespreek hoe antisikloon **A** die seisoenale reënval en middelbreedtesiklone oor Suid-Afrika beïnvloed. | • **In die somer** beweeg dit verder suid en stoot sodoende droër en koeler lug na die binneland waar dit vogtige lug teëkom en donderstorms volg.<br>• **Winter:** beweeg noordwaarts en dan kan die MBS die binneland binnedring en veroorsaak dus reën in die SWK. Daar is interaksie met die Binnelandse Hoogdruksel en dus bly die binneland droog. | **Krediet moet gegee word vir redelike en relevante alternatiewe beskrywings**<br><br>**1 tot 2 punte** vir 'n eenvoudige beskrywing wat algemene kennis en begrip toon.<br>**3 tot 4 punte** vir 'n beskrywing wat in meer detail gedoen is en wat die inhoud goed dek. | 4 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.2.6 | Verduidelik hoe 'n middelbreedtesikloon vorm. | • Middelbreedtesiklone vorm by die poolfront wanneer die temperatuurverskil tussen twee lugmassas aansienlik is.<br>• Hierdie lugmassas beweeg verby mekaar in teenoorgestelde rigtings.<br>• Coriolis-krag veroorsaak dat die winde deflekteer.<br>• Die winde tref die poolfront teen 'n hoek.<br>• Warm en koue fronte vorm langs mekaar.<br>• Die warm lug by die koue front styg op en veroorsaak 'n laagdruksel.<br>• Winde waai na die laagdruk toe en veroorsaak sodoende 'n stygende lugkolom.<br>• Die wind draai, roteer antikloksgewys in die Noordelike Halfrond en kloksgewys in die Suidelike Halfrond.<br>• Aangesien die stygende lug vogtig is, val reën of sneeu. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe verduideliking.**<br><br>Kandidaat moet bewys toon van begrip rakende die vorming van MBS by die poolfront.<br>**1 tot 2 punte** vir 'n eenvoudige verduideliking wat bewys toon van algemene kennis en begrip.<br>**3 tot 4 punte** vir 'n verduideliking met meer detail wat die inhoud volledig dek. | 4 |
| 1.2.7 | Watter ekonomiese voordeel trek Suid-Afrika uit die middelbreedtesiklone? | Reënval in die Wes-Kaap strek tot voordeel van nywerhede en landbou. | Konsep van die impak van die MBS op die weer en ekonomie van SA. | 1 |
| 1.2.8 | Assesseer die impak wat 'n middelbreedtesikloon op skeepsvervoer kan hê. | • Sterk winde sal golwe met hoë deining veroorsaak.<br>• Skepe kan nie hawens binnegaan nie.<br>• Skepe moet anker laat val.<br>• Skepe kan beskadig word.<br>• Mense kan beseer word of selfs sterf.<br>• Goedere kan verloor word.<br>• Vertraging in die aflewering van goedere. | **Krediet moet gegee word vir redelike en relevante alternatiewe antwoorde.**<br><br>Kandidaat moet begrip toon van die impak van 'n middelbreedtesikloon. | 4 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | **1 tot 2 punte** vir eenvoudige assessering wat algemene kennis en begrip toon.<br>**3 tot 4 punte** vir 'n assessering in meer detail en wat die inhoud goed dek. | |
| 1.2.9 | Stuur 'n boodskap aan 'n skeepskaptein en omskryf TWEE weerstoestande wat hulle kan verwag met die front wat oor hulle beweeg. | • Sterk winde<br>• Reën<br>• Sneeu is moontlik<br>• Toename in lugdruk<br>• Krimping van winde (verandering in die windrigting)<br>• Donderstorms<br>• Lae temperature | **Krediet moet gegee word vir redelike en relevante alternatiewe antwoorde.**<br>Kandidaat moet bewys toon dat begryp word wat die weersomstandighede is wanneer 'n koue front verbybeweeg.<br><br>**1 punt** vir 'n eenvoudige antwoord wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte** vir 'n antwoord met meer detail wat die inhoud deeglik dek. | 2 |
| **1.3** | **Stedelike studies**<br>Bestudeer Figuur 2, 'n topografiese kaartuittreksel van die Empangeni-streek. | | | |
| 1.3.1 | Benoem die straatpatrone by **D** en **E**. | D – Ruitvormig/ Roosterpatroon<br>E – Beplande onreëlmatige patroon | | 2 |
| 1.3.2 | Identifiseer die grondgebruiksone wat **F** gemerk is. | Nywerhede/ Industrieel | | 1 |
| 1.3.3 | Gee 'n rede vir jou antwoord op Vraag 1.3.2. | **Enige een van die volgende**<br>• Geboue is groot<br>• Spoornetwerk-infrastruktuur<br>• Goeie toegang per pad<br>• Gelyke grond | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** | 2 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.3.4 | Die nedersetting Ngwelezana brei vinnig uit en meeste van die nuwe ontwikkelings is informele behuising. | | | |
| (a) | Verduidelik wat 'n *informele nedersetting* is. | 'n Plek waar mense bly en tydelike skuilings bou en gewoonlik daarna meer permanente huise. Somtyds word informele nedersettings voorsien van water, elektrisiteit, ens. | Kandidate kan hulle eie benadering tot die vraag en antwoord ontwikkel en dus sal die antwoorde verskil. Hierdie hoef nie 'n handboekgebonde antwoord te wees nie. | 1 |
| (b) | Beskryf TWEE sosio-ekonomiese kwessies waarmee die mense in die informele nedersettings daagliks te doen kry. | • Gebrek aan werksgeleenthede<br>• Geen nywerhede<br>• Gebrek aan dienste<br>• Gebrek aan infrastruktuur<br>• Gewoonlik meer misdaad | **Krediet moet gegee word vir redelike en relevante alternatiewe beskrywings.**<br><br>Hulle moet bewys dat hulle informele nedersettings verstaan.<br><br>**1 punt per konsep** vir 'n eenvoudige beskrywing wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte per konsep** vir 'n beskrywing met meer detail wat die inhoud goed dek.<br>**MAKS 2 punte** indien slegs EEN kwessie bespreek word.<br><br>*Moenie krediet gee vir generiese probleme nie.* | 4 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| (c) | Gebruik TWEE bewysstukke en verduidelik waarom Empangeni 'n voorbeeld is van 'n nedersetting wat gedurende die apartheidsera beplan is. | • Die rivier vorm 'n natuurlike buffer.<br>• Een hoofstraat vanaf grootste deel van die van die dorp na Ngwelezana.<br>• Die straatpatroon lyk organies of onbeplan onreëlmatig.<br>• Rioolwerke is naby die nedersetting. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe verduideliking.**<br><br>Dit moet duidelik wees dat kandidaat die beplanning van stede gedurende die apartheidsera verstaan.<br><br>**1 punt per konsep** vir 'n eenvoudige verduideliking wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte per konsep** vir 'n verduideliking met meer detail wat die inhoud goed dek.<br>**MAKS 2 punte** indien slegs een aspek bespreek word. | 4 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1.4** | **Stedelike hiërargieë** | | | |
| Verwys na Figuur 3 wat sommige van die besighede in Empangeni wys. Dit is 'n vergrote beeld van die gebied wat **D** gemerk is in Figuur 2 (in blou uitgelig),. | | | | |
| Sê of die volgende stellings Waar of Vals is. Skryf slegs die nommer van die vraag en daar langsaan of dit Waar of Vals is, bv. 1.4.0 Vals. | | | | |
| 1.4.1 | Standard Bank het die grootste reikwydte. | **WAAR** | | 1 |
| 1.4.2 | Shoprite voorsien in die behoefte aan hoërordegoedere. | **VALS** | | 1 |
| 1.4.3 | Ritchie Ford het 'n klein drempelbevolking nodig. | **VALS** | | 1 |
| 1.4.4 | Shoprite het die kleinste invloedsfeer. | **WAAR** | | 1 |
| 1.4.5 | Markgebied is die tipe kliënt wat by Shoprite sal inkopies doen. | **VALS** | | 1 |
| **1.5** | **Stedelike nedersettings** | | | |
| 1.5.1 | Wat is die bevolking van Mbonambi? | Tussen 105 000 en 108 000 | | 1 |
| 1.5.2 | Watter munisipaliteit word die meeste deur stadspreiding beïnvloed? | uMhlathuze (Richardsbaai) | Kandidaat moet bewys lewer van begrip van die groei van landelike bevolking sonder ekonomiese geleenthede. i.e., geen sekondêre of tersiêre ontwikkeling. | 1 |
| 1.5.3 | Bespreek TWEE kwessies wat in stede voorkom namate hulle groei. | • Kapasiteit van die infrastruktuur<br>• Watervoorsiening<br>• Elektrisiteitvoorsiening<br>• Oorbevolking<br>• Nuwe ontwikkeling | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe bespreking.**<br>**1 punt per konsep** vir 'n eenvoudige bespreking wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte per konsep** vir 'n bespreking met meer detail wat die inhoud goed dek.<br>**MAKS 2 punte** indien slegs EEN kwessie gedek is. | 4 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1.6** | **Sekondêre en tersiêre sektore** | | | |
| 1.6.1 | Hoe word die *handelsbalans* bereken? | Die handelsbalans word gedefinieer as die land se uitvoere minus die invoere. | | 1 |
| 1.6.2 | Waarom is die tersiêre sektor die grootste in terme van BWT? | Dit sluit groot- en kleinhandel, toerisme en kommunikasie in. Suid-Afrika beweeg tans na 'n ekonomie wat gebaseer is op kennis en fokus op tegnologie, e-besigheid, finansiële en ander dienste. | Kandidaat moet begrip toon van die ekonomie en hoe die verskillende sektore onderverdeel word. | 2 |
| 1.6.3 | Verduidelik waarom Richardsbaai op die uitvoermark fokus. | Dit is as gevolg van die ligging en die toegang tot die hawe. | | 2 |
| 1.6.4 | Gee TWEE maniere waarop die ontwikkeling van die sekondêre sektor sal help om die *vlakke van indiensneming* en die *handelsbalans* van 'n streek te verbeter. | • Ontwikkeling van kettingnywerhede<br>• Kan gebruik maak van mense wat ongeskoold sowel as diegene wat semi-geskoold is<br>• Meer goedere vir uitvoer<br>• Meer buitelandse valuta | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.**<br>**1 punt per konsep** vir 'n eenvoudige bespreking wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte per konsep** vir 'n bespreking met meer detail wat die inhoud goed dek.<br>**MAKS 2 punte** indien slegs EEN manier bespreek word. | 4 |
| **1.7** | **Strategieë vir nywerheidsontwikkeling** | | | |
| Lees Feitelêer 2 rakende die ontwikkeling van die NOS naby Richardsbaai. | | | | |
| 1.7.1 | Pas die beskrywings in Kolom B by die terme in Kolom A. Skryf slegs die kleinletter van die vraag en dan die hoofletter wat ooreenstem met jou antwoord in jou Antwoordboek, bv. (f) H. | | | |
| (a) | Voorsieningskettings | **G** | 'n Stelsel wat 'n produk of diens van die begin tot die einde produseer en lewer aan die eindgebruiker. | 1 |
| (b) | Nywerheidsontwikkelingsone | **D** | 'n Spesiaal geboude nywerheidslandgoed wat fokus op nywerhede wat goedere vervaardig vir uitvoerdoeleindes. | 1 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| (c) | Infrastruktuur | **A** | Fasiliteite en stelsels wat die volhoubare funksionaliteit van huishoudings en firmas ondersteun. | 1 |
| (d) | Telekommunikasie | **E** | Kommunikasie oor 'n afstand met die gebruik van kabel, telegraaf, telefoon of uitsaaidienste. | 1 |
| (e) | Hernubare energie | **B** | Energie wat verkry word van hernubare bronne. | 1 |
| 1.7.2 | Bespreek TWEE maniere waarop die RBNOS die ekonomiese ontwikkeling in die King Cetshwayo-distrik beïnvloed. | • Verskaf werksgeleenthede<br>• Ontsluit nuwe markte<br>• Ontwikkeling van gespesialiseerde produkte<br>• Meer geld in die streke<br>• Help met ontwikkeling van kettingnywerhede<br>• Groei van voorsieningsketting. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe bespreking.**<br><br>Moet bewys lewer dat die impak van 'n NOS op 'n streek verstaan word.<br>**1 punt per konsep** vir 'n eenvoudige bespreking wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte per konsep** vir 'n bespreking met meer detail wat die inhoud goed dek.<br>**MAKS 2 punte** indien slegs EEN manier bespreek word. | 4 |
| 1.7.3 | Bespreek TWEE uitdagings wat die ekonomiese ontwikkeling in die King Cetshwayo-distrik kan belemmer. | • Vogtige klimaat<br>• Heuwelagtige landskap<br>• Ongeskoolde arbeidsmag<br>• COVID-19: ekonomies en sosiaal<br>• Grondonteiening<br>• Ekonomiese onstabiliteit, afgradering van RSA<br>• Inkrimping van die wêreld se ekonomie<br>• Internasionale mededinging<br>• Vêr van wêreldmarkte<br>• Gebrek/ tekort aan produkte<br>• Veranderende wisselkoers | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe bespreking.**<br>**1 punt per konsep** vir 'n eenvoudige bespreking wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte per konsep** vir 'n bespreking met meer detail wat die inhoud goed dek.<br>**MAKS 2 punte** indien slegs EEN uitdaging bespreek word. | 4 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.7.4 | Noem DRIE faktore wat nywerheidsontwikkeling in die KZN-streek bevoordeel. | • Groot arbeidsmag<br>• Goeie infrastruktuur<br>• TWEE belangrike hawens<br>• Een belangrike lughawe<br>• Naby die Gautengse mark<br>• Naaste aan die markte van die Ooste – China<br>• Goeie watervoorsiening | **Krediet moet gegee word vir redelike en relevante alternatiewe antwoorde.**<br>Indien die kandidaat slegs gelys het en dit maak tog sin kan krediet gegee word.<br>Nie aanvaarbaar om net een woord neer te skryf sonder enige konteks. | 3 |
| **1.8** | **Opvanggebied- en rivierbestuur** | | | |
| 1.8.1 | Pas die terme wat onderstreep is in Feitelêer 3 by die definisies hieronder. Skryf slegs die letter van die vraag en die korrekte term neer, bv. (f) oppervlakte. | | | |
| (a) | Waterliggame wat gewoonlik voorkom waar riviere en die see bymekaar kom. | **Estuarie** | | 1 |
| (b) | Die area waarvandaan die reën in die rivierstelsel invloei. | **Opvangsgebied** | | 1 |
| (c) | Die plek waar 'n rivier begin. | **Bron** | | 1 |
| (d) | Die plek waar die rivier in die see invloei. | **Die monding** | | 1 |
| (e) | Die laagste vlak tot waar erosie in 'n rivier kan plaasvind. | **Basisvlak van erosie** | | 1 |

IEB Copyright © 2022

| 1.8.2 | **Opstel** | | |
|---|---|---|---|
| • Moet asseblief NIE REGMERKIES MAAK wanneer 'n opstel gemerk word nie – dit verwar die optellers.<br>In die plek daarvan, onderstreep relevante en toepaslike punte deur gebruik te maak van die stelsel van kodes. | | AARDRYKSKUNDE SE KODES VIR OPSTELLE<br><br>E – Uitstekend<br>G – Goed<br>V – Vaag<br>R – Herhalend<br>I – Ontoepaslik<br>F – Aanvaarbaar | INHOUD:<br>_____ Onderstreep relevante punte indien korrek<br>Omkring verkeerde punte<br>BEWYSE:<br>( ) Sit hakies ( ) om bewyse |
| Maak gebruik van toepaslike bronnemateriaal en skryf 'n verslag vir die King Cetshwayo-distrik om die belangrikheid van die Mhlathuzerivier vir die streek te omskryf. | | | |
| Beskryf die hoofkenmerke van die Mhlathuzerivier, insluitend stroomorde, dreineerdigtheid en stroompatroon. | • Die rivier is 'n 4de-orde-stroom<br>• Dit het 'n hoë tot medium stroomdigtheid<br>• Dit is in 'n hoëreënvalgebied.<br>• Dit het 'n dendritiese stroompatroon<br>• Dit is 'n permanente rivier<br>• Omgekeerde peervormige dreineerbekken | | |
| Bespreek die belangrikheid van die rivierstelsel vir die mense wat in die gebied bly. | • Voorsien drinkwater<br>• Voorsien water vir besproeiing<br>• Water vir nywerhede<br>• Gelyke grond vir 'n nedersetting<br>• Vrugbare grond vir boerdery | | |

IEB Copyright © 2022

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ondersoek waarom die bestuur van 'n rivierstelsel belangrik is vir sosio-ekonomiese ontwikkeling. | • Skoon water lei tot gesonde gemeenskappe.<br>• Oorstroming kan skade veroorsaak wat ontwikkeling in die wiele kan ry.<br>• Indien die water vuil is moet geld spandeer word om dit skoon te kry.<br>• Verminder wanvoeding en die voorkoms van kindermortaliteit.<br>• Help met voedselsekuriteit.<br>• Gesonde ekosisteme en vir die oorlewing van die mensdom.<br>• Ook kern tot die produksie en die behoud van vele voordele en dienste vir mense.<br>• Meer sekerheid en doeltreffendheid in produktiwiteit.<br>• Oormatige onttrekking van water uit riviere kan toegang belemmer.<br>• Besoedeling deur nywerhede en boerdery-aktiwiteite kan gesondheid affekteer.<br>• Kan die grond se waarde laat af- of toeneem.<br>• Eutrofikasie wat veroorsaak word deur te veel nutriënte in die water.<br>• Mense kan bydra tot oorstromings en dit beskadig infrastruktuur en lei tot beserings en selfs sterftes. | | |

IEB Copyright © 2022

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bespreek die impak van 'n dam op 'n rivierstelsel. Verwys na beide die negatiewe en positiewe. | • Geleentheid vir ontspanning<br>• Meer water is beskikbaar<br>• Help met beheer van oorstromings<br>• Onderbreek ekosisteme<br>• Goeie grond word oorstroom<br>• Lei tot migrasie<br>• Huise van mense wat in die area woon word oorstroom | | |

IEB Copyright © 2022

| KRITERIA | Vlak 3<br>Uitstaande – Goed | Vlak 2<br>Bevredigend | Vlak 1<br>Swak |
|---|---|---|---|
| ***Skryfvaardighede***<br>• Neem struktuur en voorstelling in aanmerking.<br>• Gebruik kort inleiding en slot.<br>• Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte.<br><br>**[4 punte word aan hierdie komponent toegeken.]** | Gepaste inleiding en slot. Gesofistikeerde, samehangende en gestruktureerde skryfwerk. Onderopskrifte en paragrawe is effektief gebruik.<br>Opstel is kort, goed-gestruktureerd en kernagtig.<br>.<br><br>**4 punte** | Inleiding en slot teenwoordig, alhoewel nie ideaal nie.<br>Pogings om te hou by die onderopskrifte en paragrawe te gebruik.<br>Verslag dwaal by tye van die punt af en skiet tekort aan bondigheid.<br><br>**3 punte** | Skryfwerk is swak en amper onverstaanbaar.<br>Geen inleiding of slot word voorsien nie.<br>Geen gebruik /<br>navolging van onderopskrifte nie.<br>Lang sinne, swak grammatika en oneffektiewe gebruik van paragrawe.<br>Verslag is herhalend. Kolpunte is dalk gebruik.<br><br>1 punt = moet *toegeken word vir enige poging om iets te skryf/ probeerslag*<br><br>**2–0 punte** |
| ***Inhoudskennis***<br>• Korrekte gebruik van geografiese terme en begrippe<br>• Hou by onderwerp en onderopskrifte.<br><br>**[12 punte word hiervoor toegelaat]** | Die antwoord assesseer die toepaslike inhoudskennis goed en die bespreking van die onderwerp is in diepte gedoen.<br>Die evaluasie is effektief en was volhou. Daar is 'n goeie slotsom.<br>Die antwoord lewer bewys van kennis van voorbeelde en 'n sterk begrip van die konsepte van die onderwerp.<br>Voorbeelde wat gebruik is is toepaslik en geïntegreer met die antwoord.<br>Goeie gebruik van geografiese terme en begrippe.<br>Enige aantal toepaslike feite word per onderopskrif gegee.<br>10 punte sal vir die kandidaat toegeken word indien daar <u>minimum</u> van 2 punte per onderopskrif genoem is.<br>Indien verder uitgebrei word sal 'n addisionele 2 punte toegeken word.<br><br>**12–9 punte** | Antwoord lewer wel bewys dat kandidaat kennis het van die onderwerp en dit verstaan<br>Daar is wel sommige relevante inhoud<br>Die antwoord is net in breë trekke,<br>Daar is wel beperkte verduidelikende inhoud en 'n slotsom.<br>Die basis waarop die antwoord gebaseer is, is wel korrek, en<br>Begrip word bewys met die gebruik van die voorbeelde<br>Oorsigtelike/ algemene bespreking van die kern-kwessies<br>Bewys van algemene begrip van die onderwerp maar daar is tog wel foute en vaagheid in die bespreking.<br>Gebruik van geografiese terme en konsepte is baie basies.<br>60–50% van die verwagte feite word per onderopskrif gegee.<br>1 punt per onderopskrif, of 2 punte word gegee en slegs 2 paragrawe<br><br>**8–5 punte** | 'n Paar algemene punte rakende die onderwerp word gemaak<br>'n Beskrywende antwoord, wat<br>bestaan uit 'n paar eenvoudige punte.<br>Kennis is basies en die begrip mag swak wees en nie van toepassing wees op die onderwerp nie.<br>Afwyking van die onderwerp af.<br>Swak begrip van konsepte en terminologie.<br>Geïsoleerde en generiese elemente van die kennis en begrip van die onderwerp.<br>Oppervlakkige/ swak bespreking<br>Omtrent geen toepaslike feite/ onderopskrif<br><br>**4–0 punte** |
| ***Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip***<br>• Die vermoë om die onderwerp te ontleed en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer.<br>• Verwysing na gevallestudie-materiaal/ feitelêer/ bronmateriaal verskaf.<br>• Indien toepaslik, moet verwys word na bekende /plaaslike of ander voorbeelde.<br><br>**[4 punte word aan hierdie komponent toegeken.]** | Die kandidaat is daartoe in staat om toepaslik te redeneer en evalueer.<br>Daar is goeie bewys van akkurate toepassing van begrip en bewyse word verskaf.<br>Verslag demonstreer begrip en integrasie van toepaslike gevallestudie/ feitelêer/ bronmateriaal in die konteks van die verslag.<br>Bewyse nodig van ontleding van inhoud en hoër orde integrasie.<br><br>**4 punte** | Oppervlakkige verwysings word na die gevallestudie / feitelêer/ bronmateriaal gemaak.<br>Alhoewel na ondersteunende voorbeelde verwys word, is dit nie duidelik dat die leerder 'n goeie begrip van die voorbeeld/ gevallestudie se materiaal het nie.<br>Ondersteunende bewyse is nie altyd van toepassing op die onderopskrif of konteks van bespreking nie.<br>Bespreking het geen diepte nie.<br><br>**3 punte** | Beperkte tot geen verwysing na gevallestudie/ feitelêer / bronmateriaal nie.<br>Voorbeelde word nie verskaf nie.<br>Het min of geen geografiese betekenis.<br>Min ontleding of begrip.<br>Demonstreer minimale begrip van die onderwerp.<br><br>**2– 0 punte** |

(20)
**[100]**

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **VRAAG 2 KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE** | | | | |
| **2.1 Tropiese siklone** | | | | |
| 2.1.1 | Gee die korrekte term(e) om die volgende sinne te voltooi. | | | |
| (a) | Die middelpunt van 'n tifoon staan bekend as … | **Oog** | | 1 |
| (b) | By hierdie punt is die toestande … | **Kalm en/of onbewolk** | | 1 |
| (c) | Die area waar die meeste verwoesting voorkom staan bekend as die … | **Oogmuur** | | 1 |
| 2.1.2 | Verduidelik waarom die stad Naga die ergste getref sal word. | **Enige EEN van die volgende**<br>• Dit is reg in die pad van die storm.<br>• Die oog sal bo-oor Naga beweeg.<br>• Die voorste kwadrant sal bo-oor Naga beweeg. | Die vraag gaan oor konsepte. Kandidate moet verstaan dat 'n streek wat direk in die pad van die storm is baie swaar getref gaan word. | 2 |
| 2.1.3 | Lys DRIE vereistes vir die vorming van 'n tifoon. | • Baie lae druk<br>• Warm oseane (26 °C)<br>• Vogtige toestande<br>• Steil drukgradiënt<br>• Divergensie in die bo-lug<br>• Coriolis-krag | Hierdie is konsepte wat direk uit die handboek kom. | 3 |
| 2.1.4 | Beskryf TWEE gevare wat ondervind sal word wanneer 'n tifoon die land bereik. | • Sterk en verwoestende winde<br>• Stormstuwing<br>• Swaar reënval wat lei tot oorstromings<br>• Oorstromings aan die kus | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe beskrywing.**<br>**1 punt per gevaar** as dit net 'n eenvoudige beskrywing is wat getuig van algemene kennis en begrip. | 4 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | **2 punte per gevaar** indien die beskrywing in detail gedoen is en die inhou deeglik dek. **MAKS 2 punte** indien slegs EEN gevaar gedek word. | |
| **2.2** | **Subtropiese antisiklone en gepaardgaande weerstoestande** | | | |
| 2.2.1 | Benoem antisikloon **G**. | Binnelandse/ Kontinentale / Kalahari | | 1 |
| 2.2.2 | Verduidelik waarom antisikloon **G** onbewolkte winterstoestande oor die binneland veroorsaak. | • Die antisikloon bring dalende lug oor die binneland wat dan onbewolkte en kalm toestande meebring.<br>• Antisiklone veroorsaak 'n inversielaag wat verhoed dat enige vogtige lug die binneland kan binnedring. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** Kandidaat moet bewys dat die effek van die antisikloon oor Suid-Afrika verstaan word. | 2 |
| 2.2.3 | Teken 'n diagram om te verduidelik waarom die konsentrasie van besoedeling in Suid-Afrika gedurende die winter vererger. | | | 4 |
| |  | | • **1 punt** vir die posisie van die inversielaag.<br>• **1 punt** wat die wys dat die besoedelde lug vasgevang is.<br>• **1 punt** vir die diagram.<br>• **1 punt** vir die beweging van die antisikloniese lug. | |

IEB Copyright © 2022

| **2.3** | **Subtropiese antisiklone en gepaardgaande weerstoestande** | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Kies die term(e) in vetdruk wat die stellings WAAR sal maak. Skryf slegs die letter en die ooreenstemmende term neer, bv. (g) weerlig. | | | |
| | Lyndonderstorms kom in die **(a) somer / winter / herfs** oor die binneland voor. Hulle vorm by 'n **(b) vogfront / koue front / warm front** wat as gevolg van 'n **(c) laagdruktrog / kuslaag / tropiese laagdruk** ontstaan. Hierdie storms staan bekend as **(d) tropiese siklone / moesonwinde / lyndonderstorms**. Hulle vorm wanneer die warm vogtige lug vanuit die **(e) suidweste / noordooste / noorde** en die koel, droë lug wat na die binneland gestoot word deur die **(f) Suid-Atlantiese / Suid-Indiese / Kalahari** hoogdruk, bymekaar uitkom . | **(a) somer**<br>**(b) vog-**<br>**(c) laagdruktrog**<br>**(d) lyndonderstorms**<br>**(e) noordooste**<br>**(f) Suid-Atlantiese** | | 6 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **2.4** | **Fluviale terminologie** | | | |
| Kies 'n beskrywing vanuit Kolom B wat by die term in Kolom A pas. Skryf slegs die letter neer langs die ooreenstemmende nommer, bv. 2.4.0 H. | | | | |
| 2.4.1 | Waterskeiding | **G** | Hoogliggende gebied tussen sytakke. | 1 |
| 2.4.2 | Eksotiese strome | **D** | 'n Rivier wat ontstaan in 'n hoëreenvalgebied en dan deur 'n droë gebied vloei. | 1 |
| 2.4.3 | Traksie | **F** | Wanneer partikels op die rivierbodem gerol, gestoot en gestamp word. | 1 |
| 2.4.4 | Aggradasie | **H** | Wanneer die rivierbodem verhoog word as gevolg van die opeenhoping van sediment in die kanaal. | 1 |
| 2.4.5 | Oppervlakvloei | **A** | Kombinasie van reënwater wat oor die oppervlak vloei en dit wat direk in die stroomkanaal val. | 1 |
| **2.5** | **Fluviale prosesse** | | | |
| Voltooi die tabel hieronder. Skryf slegs die nommer en ontbrekende term neer, bv. 2.5.0 laer. | | | | |
| 2.5.1 | | • Middel-/ Volwasse | | 1 |
| 2.5.2 | | **Enige EEN van die volgende**<br>• Waterval<br>• Stroomversnelling<br>• Kolkgate | | 1 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.5.3 | | **Enige EEN van die volgende**<br>• Kronkelmeer<br>• Kronkel<br>• Yazoo-takrivier<br>• Moeras<br>• Vloedvlakte | | 1 |
| 2.5.4 | | Afsetting | | 1 |
| 2.5.5 | | Hoog | | 1 |
| **2.6** | **Fluviale prosesse (vervolg)** | | | |
| Bestudeer Figuur 10, die dwarsdeursnit van 'n kronkel wat die verskillende vloeisnelhede in die stroomkanaal wys. | | | | |
| 2.6.1 | Verduidelik die term *laminêre vloei*. | Dit beskryf hoe die water vloei wanneer dit kalm en gelyk vloei.<br>Waterdeeltjies bly in hulle laag en beweeg in die stroom in daardie laag. Hierdie manier van vloei is baie keer moontlik omdat daar min rotse of ander fisiese struikelblokke in hierdie tipe strome is. | Kandidate kan hulle eie benadering tot die vraag ontwikkel en antwoorde sal dus verskil. Hierdie hoef nie 'n handboekgebonde antwoord te wees nie. | 1 |
| 2.6.2 | Gee die korrekte eenheid waarin die *stroomsnelheid van 'n rivier* uitgedruk word. | Cumec | | 1 |
| 2.6.3 | Benoem die walle wat **H** en **I** gemerk is. | **H:** Glyhelling<br>**I:** Rivierhang | | 2 |
| 2.6.4 | Waarom is daar afsetting by **H**? | Omdat die rivier stadiger vloei by hierdie punt en dus minder energie het. | | 2 |
| 2.6.5 | Noem een stadium waarin hierdie kenmerk kan voorkom. | Middel- of benedeloop | | 1 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.6.6 | Hoe beïnvloed die stroomkanaal die stroom se snelheid? | 'n Verduideliking van een van die volgende:<br>• Ongelyke rivierbodem – dit beïnvloed die hoeveelheid wrywing – en of die vloei laminêr of turbulent is.<br>• Vorm van die stroomkanaal – dit sluit in die diepte-tot-breedte-verhouding en die gradiënt van die rivierbodem. | **Krediet moet gegee word vir redelike en toepaslike alternatiewe antwoorde.** | 2 |
| 2.6.7 | Waarom verander mense die natuurlike stroomkanale? | **Enige een van die volgende:**<br>• Verbeterde navigasie.<br>• Verander die spoed van die rivier wanneer dit in vloed is – bestuurspraktyke.<br>• Voorkom vertikale erosie.<br>• Voorkom laterale erosie.<br>• Beskerm landbougrond, nedersettings of vervoerroetes.<br>• Konstruksie van kanale parallel met die hoofkanaal om sodoende oorstromings te verminder.<br>• Bou van damme. | **Krediet moet gegee word vir redelike en toepaslike alternatiewe antwoorde.**<br>**1 punt** as dit net 'n eenvoudige beskrywing is wat getuig van algemene kennis en begrip.<br>**2 punte** indien die beskrywing in detail gedoen is en die inhoud deeglik dek. | 2 |
| 2.6.8 | Ondersoek TWEE maniere waarop stedelike ontwikkeling die wyse waarop reënwater deur 'n dreineerbekken vloei, beïnvloed. | Moontlikhede sluit in:<br>• Moontlik meer water op oppervlakte gestoor aangesien reënwater nie kan dreineer nie as volg van ondeurdringbare oppervlaktes.<br>• Min infiltrasie van reënval omdat die betonoppervlaktes nie water deurlaat nie en sodoende verhoog die afloop.<br>• Min water word in die grond gestoor omdat min van die reën in die grond kan insypel.<br>• As gevolg van die dreineerkanale en geute verander die oppervlakvloei.<br>• Meer afloop as gevolg van die oppervlaktes. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe ondersoek.**<br><br>**1 punt per konsep** vir 'n eenvoudige ondersoek wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte per konsep** vir 'n ondersoek met meer detail en wat die inhoud deeglik dek. | 4 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | **Maks 2 punte** indien slegs EEN manier bespreek word.<br><br>*Verwysing na damme en reservoirs moet nie aanvaar word nie.* | |

**[50]**

IEB Copyright © 2022

| VRAAG 3 | LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA | | | |
|---|---|---|---|---|
| **3.1** | **Landelike nedersetting** | | | |
| 3.1.1 | Kies EEN woord in vetdruk in elk van die blokkies in die breinkaart wat die nedersetting in die foto die beste beskryf. Skryf slegs die letter van die vraag en die term neer, bv. (g) megalopolis. | (a) dorpie<br>(b) rond<br>(c) in die termiese gordel<br>(d) droëpunt<br>(e) boerdery<br>(f) bestaans- | | 6 |
| 3.1.2 | Bespreek TWEE stootfaktore wat landelike ontvolking in hierdie tipe nedersetting veroorsaak. | • Ekonomies migrasie – om werk te kry of om 'n spesifieke beroep te volg.<br>• Sosiale migrasie – vir beter lewenskwaliteit of om nader aan familie of vriende te wees.<br>• Politieke migrasie – om politieke vervolging of oorlog te ontsnap.<br>• Omgewings – om natuurlike gevare soos bv. oorstromings vry te spring.<br>• Oorbevolking.<br>• Te min werksgeleenthede.<br>• Salarisse is te laag.<br>• Onverdraagsaamheid teenoor 'n spesifieke kulturele groep.<br>• Aktiewe godsdienstige vervolging. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe bespreking.**<br>**1 punt per konsep** vir 'n eenvoudige bespreking wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte per konsep** vir 'n bespreking met meer detail en wat die inhoud deeglik dek.<br>**Maks 2 punte** indien slegs EEN faktor bespreek word. | 4 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.1.3 | Bespreek TWEE maniere waarop landelike ontvolking 'n nedersetting soos hierdie sal beïnvloed. | • Die ouer mense bly agter.<br>• Besighede sluit omdat die bevolking verminder.<br>• Fasiliteite soos hospitale en skole sluit.<br>• Nie genoeg plaasarbeiders nie.<br>• Te min geld in die gebied. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe bespreking.**<br>**1 punt per konsep** vir 'n eenvoudige bespreking wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte per konsep** vir 'n bespreking met meer detail en wat die inhoud deeglik dek.<br>**Maks 2 punte** indien slegs EEN manier bespreek word. | 4 |
| **3.2 Stedelike nedersettingskwessies** | | | | |
| 3.2.1 | Wat is die verband tussen werkloosheid en kostuine? | Daar is meer kostuine in die wyke waar die hoogste werkloosheid in Johannesburg is. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe bespreking.**<br>**1 punt** vir 'n eenvoudige antwoord wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte** vir 'n antwoord met meer detail en wat die inhoud deeglik dek. | 2 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.2.2 | Bespreek TWEE voordele wat kostuine vir 'n stedelike gebied inhou. | • Bron van kos<br>• Voedselsekuriteit<br>• Die stedelike hitte-eiland word so in toom gehou<br>• Moontlike ontwikkeling van kettingnywerhede<br>• Skepping van vaardighede<br>• Moontlike werksgeleenthede | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe bespreking.**<br>**1 punt per konsep** vir 'n eenvoudige bespreking wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte per konsep** vir 'n bespreking met meer detail en wat die inhoud deeglik dek.<br>**Maks 2 punte** indien slegs EEN voordeel bespreek word. | 4 |
| 3.2.3 | Hoe kan boerdery in stedelike gebiede die voedselsekuriteit van 'n land verbeter? | • Meer mense het toegang tot kos.<br>• Moontlike bron van inkomste.<br>• Nader aan die markgebied.<br>• Verminder die druk op beperkte landbougrond. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.**<br>**1 punt** vir 'n eenvoudige antwoord wat 'n algemene kennis en begrip toon.<br>**2 punte** vir 'n antwoord met meer detail en wat die inhoud deeglik dek. | 2 |
| 3.2.4 | Gauteng het van die hoogste vlakke van verstedeliking. | | | |
| (a) | Verduidelik *vlakke van verstedeliking*. | • Die persentasie mense van die totale bevolking wat in stedelike gebiede bly. | Kandidate kan hulle eie benadering tot die vraag ontwikkel en antwoorde sal dus verskil. Hierdie hoef nie 'n handboekgebonde antwoord te wees nie. | 1 |
| (b) | Hoe sal hoë vlakke van verstedeliking 'n streek beïnvloed? | • Meer armoede. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en** | 2 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | • Plaaslike regerings kan nie dienste aan al die mense voorsien nie.<br>• Gekonsentreerde energieverbruik veroorsaak meer lugbesoedeling en dit het 'n aansienlike invloed op mense se gesondheid.<br>• Uitlaatgasse (voertuie) veroorsaak verhoogde loodvlakke in die lug in stede.<br>• Groot volumes rommel wat nie opgetel word nie lei tot vele gesondheidsprobleme.<br>• Stedelike ontwikkeling verhoog die risiko van omgewingsgevare, bv. kitsvloede.<br>• Besoedeling en fisiese struikelblokke vir groei van bome se wortels veroorsaak dat daar 'n verlies aan bome in stedelike gebiede is.<br>• Die dierebevolkings word onderdruk deur giftige gasse, voertuie en die verlies aan habitat en voedselbronne. | **relevante alternatiewe antwoord.**<br>**1 punt** as die antwoord net eenvoudige is en getuig van 'n algemene kennis en begrip.<br>**2 punte** indien die antwoord in detail gedoen is en die inhoud deeglik gedek is. | |
| **3.3** | **Landbousektor** | | | |
| 3.3.1 | Noem EEN land wat suiker na Suid-Afrika uitvoer. | Brasilië<br>Verenigde Arabiese Emirate<br>Swaziland<br>Mosambiek | Kandidaat kan slegs die land noem. | 1 |
| 3.3.2 | Noem TWEE provinsies in Suid-Afrika waar suiker geproduseer word. | • KwaZulu-Natal<br>• Mpumalanga<br>• Oos-Kaap | | 2 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.3.3 | Analiseer TWEE redes waarom ons die plaaslike produseerders van suiker moet ondersteun. | • Skep meer werksgeleenthede.<br>• Help met die groei van kettingnywerhede.<br>• Meer geld vir ons ekonomie.<br>• Die besigheid groei en dit help die gemeenskap wat naby die produsente is. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe analise.**<br>**1 punt per konsep** as dit net 'n eenvoudige analise is wat getuig van algemene kennis en begrip.<br>**2 punte per konsep** indien die analise in detail gedoen is en die inhoud deeglik gedek is.<br>**MAKS 2 punte** indien slegs EEN rede bespreek word. | 4 |
| 3.3.4 | Verduidelik TWEE maniere waarop die regering die landbousektor kan ondersteun. | • Beter befondsing<br>• Onderrig en vaardigheidsopleiding<br>• Invoertariewe<br>• Beter internasionale handelsooreenkomste<br>• Lae rentekoerse vir lenings<br>• Groter aandeel in die vrye mark | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe verduideliking.**<br>**1 punt per konsep** as dit net 'n eenvoudige analise is wat getuig van algemene kennis en begrip.<br>**2 punte per konsep** indien die analise in detail gedoen is en die inhoud deeglik dek.<br>**MAKS 2 punte** indien slegs EEN rede bespreek word. | 4 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **3.4** | **Informele sektor** | | | |
| 3.4.1 | Verduidelik die volgende terme: | | | |
| (a) | *Ekonomieë van skaal* | As gevolg van die verhoogde vlak van produksie is daar 'n proporsionele besparing op kostes. | Kandidate kan hulle eie benadering tot die vraag ontwikkel en antwoorde sal dus verskil. Hierdie hoef nie 'n handboekgebonde antwoord te wees nie. | 1 |
| (b) | *Voedselonseker* | Op huishoudelike vlak is daar 'n ekonomiese en sosiale toestand waar daar beperkte of onsekere toegang is tot genoegsame voedsame kos. Hongersnood is 'n fisiologiese toestand wat op individuele vlak ontstaan en wat veroorsaak word deur voedselonsekerheid. Wanneer daar nie genoeg voedsame kos vir die bevolking in die streek voorsien word nie. | Kandidate kan hulle eie benadering tot die vraag ontwikkel en antwoorde sal dus verskil. Hierdie hoef nie 'n handboekgebonde antwoord te wees nie. | 1 |
| 3.4.2 | Waarom is daar baie informele handelaars in informele nedersettings? | • Hierdie is die gebiede waar hulle klante is.<br>• Omdat daar nie 'n mark is nie het die groot kleinhandelaars nie hier winkels nie.<br>• Die informele ekonomie onderhou die bestaan van die verarmde bevolking.<br>• Makliker om dit te doen in hierdie gebiede | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.**<br>**1 punt** vir 'n antwoord wat eenvoudig is en wat bewys lewer van 'n algemene kennis en begrip.<br>**2 punte** vir 'n antwoord met meer detail en wat die inhoud deeglik dek. | 2 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.4.3 | Omskryf TWEE verskille tussen 'n *spaza-winkel* en 'n *straathandelaar* | **Spazawinkel:**<br>Het 'n permanente struktuur of winkel.<br>**Straathandelaar:**<br>• Gewoonlik 'n aanmekaargeflanste struktuur soos 'n gazebo of in die ope. Moet elke dag alles oppak. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.**<br>Kandidaat moet bewys lewer dat die verskil verstaan word.<br>**Slegs 1 punt indien net een konsep en nie albei verduidelik word nie.** | 4 |
| 3.4.4 | Noem TWEE probleme waarmee 'n straathandelaar op 'n daaglikse basis te kampe het. | • Polisie- en sekuriteitsregulasies: verbied hulle om handel te dryf.<br>• Goedere word gekonfiskeer.<br>• Blootgestel aan die weer.<br>• Blootgestel aan misdaad.<br>• Skommelinge in markte en pryse.<br>• Baie kompetisie.<br>• Baie lang werksure. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** | 2 |

IEB Copyright © 2022

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.4.5 | Analiseer TWEE maniere waarop die regering die informele sektor kan bystaan deur middel van die NOP. | • Gee klein lenings met lae rentekoerse.<br>• Verbetering van vaardighede.<br>• Stel areas waar handel gedryf kan word beskikbaar.<br>• Maak seker dat veiligheidsregulasies in plek is.<br>• Beskerm die handel.<br>• Ruim hindernisse vir handeldryf uit die weg.<br>• Regering moet befondsing gee.<br>• Wees behulpsaam met bemarking en handelsmerk (promosiemateriaal soos bv. in konstruksie, CIBD, brosjures, borde, ens.)<br>• Wees behulpsaam met tegnologie (voorsien sagteware, installasie, verkoopspunt, ens.)<br>• Voorraad, grondstowwe, voorraad, ens. | **Krediet moet gegee word vir 'n redelike en relevante alternatiewe analise.**<br><br>**1 punt per konsep** indien die analise eenvoudig is wat bewys lewer van algemene kennis en begrip.<br>**2 punte per konsep** vir 'n analise met meer detail en wat die inhoud deeglik dek.<br>**MAKS 2 punte** indien slegs EEN manier bespreek is. | 4 |

**[50]**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2022